



Verwysing: 20190522-4966  
Lêernommer: 6/1/5  
Navrae: Tebogo Diketane

Omsendbrief: 0022/2019

Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure: Distrik Korporatiewe Dienste, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, en Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame by gewone en spesialebehoefte openbare skole

Kort opsomming: *Verandering van proses om goedkeuring van bouplanne vir bouprojek(te) by skole van die Wes-Kaapse Regering op staatseiendom te verkry.*

**Onderwerp: Prosedure om amptelike goedkeuring van bouplanne vir bouprojek(te) by skole van die Wes-Kaapse Regering op staatseiendom te verkry**

1. Hierdie omsendbrief moet saamgelees word met Omsendbrief 0008/2019.
2. Die doel van hierdie omsendbrief is om alle Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD)-skole wat op staatgrond geleë is en staatsgeboue okkupeer in te lig oor die verandering van die prosedure om amptelike goedkeuring van bouplanne vir bouprojek(te) by skole te verkry.
3. Vantevore is bouplanne, wat aansoeke vir ministeriële goedkeuring van bouprojek(te) by skole ingevolge Omsendbrief 0008/2019 vergesel het, by die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW) deur die WKOD ingedien om goedkeuring namens skole te verkry.
4. In die toekoms moet alle bouplanne vir bouprojek(te) by skole egter by die plaaslike rade ingedien word vir amptelike goedkeuring, aangesien slegs plaaslike rade gematig is om 'n sertifikaat "fire certificate" te voorsien wat bevestig dat brandregulasies nagekom is.
5. Bouplanne moet steeds aansoeke vir ministeriële goedkeuring van bouprojek(te) by skole vergesel, aangesien die DVOW ingevolge die riglyne oor norme en standaarde

die tersaaklike bouplanne noukeuring moet nagaan. Die DVOW sal die skool/argitek inlig van enige aanbevelings, waar van toepassing.

6. Die WKOD beveel aan dat skole/argitekke eers wag vir terugvoering vanaf die DVOW voordat bouplanne by die tersaaklike plaaslike raad vir amptelike goedkeuring ingedien word om herversending te voorkom.
7. Daar word herhaal dat geen konstruksiewerk op die terrein mag plaasvind totdat die Provinsiale Minister van Onderwys vir die Wes-Kaap die betrokke projek afgeteken en die plaaslike raad die bouplanne amptelik goedgekeur het nie.
8. Skole moet ingevolge Omsendbrief 0008/2019 behoorlike proses volg om aanspreeklikheid teen die skool, beheerliggaam en die WKOD te verhoed vir, maar nie beperk nie tot, beserings, substandaard-boumetodes/-materiaal, ens.
9. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle personeel en lede van beheerliggame.

**GETEKEN:** BK SCHREUDER

**HOOF: ONDERWYS**

**DATUM:** 2019-06-14